

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**1 MAART 2026**

## Prediker 3:7, 14-15/ Genesis 12:1-5 Tyd om te offer

**Open met gebed**

Here ons leef in ’n onseker wêreld en onseker tye. U is ons enigste sekerheid. Ons vertrou U onvoorwaardelik. Ons loof U omdat U u beloftes aan ons kom waar maak het in Jesus Christus. Laat u Gees ons deur u Woord opnuut in ons geloof versterk. Skenk aan ons vertroue om U op u Woord te neem. Amen.

Lees die teks saam

**Tyd om te Weet**

Abram se storie begin by God wat hom roep. Sy pad word ‘n reis na 'n onbepaalde toekoms wat bou op die belofte wat in God self gevind word. Die roeping van Abram en die gepaardgaande beloftes aan hom, is God se antwoord op 'n vervalle en chaotiese wêreld wat Hy nie bereid is om prys te gee nie. God begin met Abram (en sy nageslag) 'n lang proses van vernuwing en herstel, wat uiteindelik tot die totale verlossing van die mensdom en sy wêreld moet lei.

**Tyd om te gesels**

1. As jy dink aan jou lewe, dink waarvandaan jy kom en die pad wat jy gestap het tot hier vandag, sien jy kans om iets van jou storie te deel met die groep?
2. Waarheen is jou lewe oppad? Is hierdie ‘plek’ waarheen jy oppad is in lyn met God se plan en pad?
3. Waarom dink julle kies God dit om ons dikwels "in die donker" te hou oor die presiese besonderhede van ons toekoms?
4. Watter belangrike lesse dink jy het Abraham geleer oor wat dit beteken om met God op-pad te wees?
5. Abram word geseën sodat hy 'n seën kan wees. Seëninge is nooit bedoel om by ons op te dam nie; dit moet deur ons vloei na ander.Hoe seën God jou?

**Tyd om af te sluit**

Kies een area in jou lewe waar jy voel die Here jou "roep" (miskien om iemand te vergewe, 'n nuwe uitdaging aan te pak, of bloot meer tyd in die Woord te spandeer). Neem hierdie week die eerste klein stap, selfs al sien jy nog nie die hele pad nie.

Here, dankie dat U my by die naam roep. Gee my die moed van Abram om die bekende agter te laat wanneer U my roep na iets nuuts. Help my om te onthou dat U seën op my rus, nie vir my eie gewin nie, maar om ’n lig vir die wêreld te wees. Amen.